



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 28 Oktober - Markus 10 : 46-52

Stilword en aanbidding: Kom tot stilstand na 'n besige en dalk ook uitdagende tyd. Fokus op God. Word daarvan bewus dat die Here self hier is en die ruimte heilig maak. Sluit aan by Psalm 34 en sing saam oor die grootheid van die Here. Prys sy Naam (4). Loof die Here dat Hy julle nie teleurstel in julle verwagtinge oor sy hulp en bystand nie (6). Roep die Here aan uit julle benoudheid en ontvang sy redding (7). Kom ondervind en sien self dat die Here goed is (9). Wees verseker daarvan dat dit goed gaan met die mens wat by die Here skuil (9).

Woord: Lees Markus 10 : 46 – 52. Jesus ontmoet die blinde Bartimeus in Jerigo. Die blinde bedelaar het gehoor Jesus gaan by hom verby. Hy het Jesus aangespreek as "Seun van Dawid" en gepleit om ontferming. Jesus het gaan staan, hom nader geroep en gevra wat Hy vir die blinde kan doen. Sy behoefte was om te sien. Jesus het hom genees en weggestuur met die woorde: "Jou geloof het jou gered" (52).

Gesprek

1. In Markus 10:48 beklemtoon Bartimeus Jesus se koninklike herkoms: "Seun van Dawid". Maar Jesus se koningskap behels méér as Dawid sin. Ons leer Jesus ook ken as geneser van menslike gestremdhede. Hoe help hierdie verhaal ons in 2018?
2. Wat leer ons by Jesus oor ons houding en gesindheid teenoor hulle wat nood het? Wat moet ons anders doen? Veral ook in die lig van Psalm 34: 19. Behalwe blindheid, waarvan is die man nog genees? Wat leer ons hieruit?
3. Jesus sê vir die blinde man, "*jou geloof het jou gered.*" Beteken dit dat geloof 'n voorwaarde vir genesing is?
4. Jesus vra vir Bartimeus: "Wat wil jy hê moet ek vir jou doen?" Wat is die verskil tussen sy antwoord en Jakobus en Johannes se antwoord in die voorafgaande gedeelte? Wat leer ons hieruit vir onself en vir die kerk? Hoe sal jy Jesus se vraag beantwoord?
5. Die blinde Bartimeus verstaan beter wat dissipelskap beteken, as diegene wat saam met Jesus was. Vers 52b sê hy het op die pad agter Jesus aan gegaan, nadat sy sig herstel is. Julle reaksie hierop?

Geloofsgewoonte: Ons reageer op die nood van mense. Markus 10:49 stel kort en kragtig Jesus het gaan staan en opdrag gegee Bartimeus moet nader kom. Luister julle sensitief vir ander se nood. Om die nood van ander te sien en daarop te reageer, vra dat ons tyd maak vir mekaar.

Afsluiting: Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid. Deel enige gebedsverhoring. Sluit die byeenkoms af met die fokus op mense se nood en die Here se ontfermende liefde. Die verhaal van Bartimeus vertel van 'n mens in nood, asook van die Here se ontfermende liefde.